Bybel vir Kinders

bied aan

Jesus en Saggeus

Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Janie Forest
Vertaal deur: Gert Badenhorst
Aangepas deur: Ruth Klassen

Storie 53 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Eendag het Jesus deur Jerigo gegaan. Dis die stad wat lank tevore deur Josua-hulle verwoes is. Dit was nou herbou en baie mense het daar gewoon. Tussen hulle was daar 'n man met die naam Saggeus.

1

Waarskynlik het die ander mense nie van Saggeus gehou nie, omdat hy belasting van hulle ingevorder het. Saggeus het 'n deel van die geld vir die regering gestuur, maar 'n groot deel vir homself gehou.

2

As belastingbeampte het Saggeus baie ryk geword. Sy huis kon maklik die GROOTSTE en MOOISTE in die buurt gewees het.



3

Maar hy was ook baie kort – nie kort aan geld nie, maar kort in lengte. Saggeus het nooit so lank soos ander mense geword nie.



4



Toe Saggeus hoor dat Jesus in Jerigo is,

wou die klein belastingbeampte die Man van Nasaret, wat beweer het Hy is die Seun van God, graag sien. Maar die skares was groot … en die mense lank.

5

Saggeus het 'n idee gekry! As hy vóór die skare kon kom … in 'n boom kon klim wat oor die straat hang … kon hy Jesus dalk sien.

6

Saggeus het in 'n wildevyeboom geklim, in 'n gemaklike mik gaan sit en vir Jesus gewag. "Ek sal van hier af goed kan sien," het hy moontlik gedink. "Ek sal Hom kan sien, sonder dat Hy my sien."

7

"Saggeus, kom gou af." Die klein belastingbeampte kon sy ore nie glo nie. Jesus het onder die boom gestaan. Jesus het na hom gekyk. Jesus het hom geroep!

8



As Saggeus verras was om Jesus na hom te hoor roep, moes hy verstom gewees het toe Jesus sê: "Ek moet vandag in jou huis tuisgaan." Saggeus het so vinnig afgeklim, hy't amper geval.

9

Saggeus was in die wolke omdat Jesus sy huis wou besoek. Maar die ander mense het nie daarvan gehou nie. Hulle het beswaar gemaak omdat Jesus 'n sondaar soos Saggeus wou besoek.

10

Jesus het 'n totaal nuwe lewe vir Saggeus gebring. Saggeus het gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."

11

Jesus was bly oor Saggeus se nuwe lewe. Hy hou daarvan as mense wegdraai van sonde af en doen wat reg is. Jesus het gesê: "Die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore is." Daardie dag in Jerigo het Jesus Saggeus gevind!



12

Jesus en Saggeus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Lukas 19

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!